- (d) 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie;
- (e) 'n lid van 'n huis van tradisionele leiers; of
- (f) 'n nasionale of provinsiale ampsdraer van 'n politieke party, organisasie, liggaam, alliansie of beweging geregistreer ingevolge artikel 15 of 15A van die Verkiesingswet, 1996 (Wet No. 51 van 1996).";
- (h) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van "**politieke ampsdraer**":
 

**"primêre wedkamerperseel"** die perseel vanwaar 'n beroepsweddersbesigheid primêr bedryf word, soos gespesifiseer in die beroepswedderslisensie en wat gedurende normale besigheidsure oop is vir die publiek;"
- (i) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van "**primêre wedkamerperseel**":

“familie lid” enige van die volgende, na gelang van die geval –

(a) ‘n man of vrou, enige deelgenoot in ‘n huwelik wat voltrek is kragtens enige tradisie of enige godsdienstbeoefeningstelsel, of enige deelgenoot in ‘n verhouding waar die partye saamleef op ‘n wyse wat met ‘n huweliksvennootskap ooreenkom, ‘n huwelik wat voltrek is kragtens enige tradisie of enige godsdienstbeoefeningstelsel;

(b) enige kind wat uit enigen van die huwelike of verbintenisse vermeld in paragraaf (a) gebore is of enige kind wat uit een van die deelgenote vermeld in paragraaf (a) gebore is;

(c) die ouers van ‘n persoon vermeld in paragraaf (a) en die ouers van sodanige persoon se man, vrou of deelgenoot vermeld in die voormelde paragraaf (a).”;

(j) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van **“familie lid”**:

“**sekondêre wedkamerperseel**” die residensiële perseel waarop ‘n beroepswedder normaalweg woon en vanwaar ‘n beroepswedder van tyd tot tyd ‘n beroepsweddersbesigheid bedryf, onder die gesag bedoel in regulasie 20(5).”; en

(k) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van **“dekkingsweddenskap”**:

“**die Ordonnansie**” die Ordonnansie op die Regulering van Wedrenne en Weddery, 1957 (Ordonnansie No. 28 van 1957).”.

#### **Wysiging van regulasie 2**

3. Regulasie 2 van die regulasies word hiermee gewysig deur die skraping van die verwysing na bylae 9 –

**“[Bylae 9 – Kennisgewing van tydelike opskorting.]”.**

#### **Vervanging van regulasie 3**

4. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 3 deur die volgende regulasie –

**“3. ‘n Nie-geslote klub of vereniging van persone wat ‘n renbaanlisensie ingevolge artikel 3 van die Ordonnansie wil bekom, moet ‘n skriftelike aansoek by die Direkteur-generaal indien; met dien verstande dat sodanige aansoek nie ingedien word nie voor publikasie, ten minste een maal per week vir vier agtereenvolgende weke, in twee of meer koerante met wye sirkulasie in die gebied waarin die voorgestelde renbaan gestig moet word [op die wyse soos voorgeskryf deur artikel 110 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961)], van ‘n kennisgewing wat die voorneme uiteensit van sodanige klub of vereniging van persone wat aansoek doen en wat ‘n verklaring bevat dat enige persoon wat ‘n voldoende belang besit en wat beswaar maak teen die toestaan van die aansoek, sy beswaar saam met redes daarvoor by die Direkteur-generaal kan indien, nie later nie as een week na die vierde publikasie van sodanige kennisgewing.”.**

#### **Skrapping van regulasie 5**

5. Regulasie 5 van die regulasies word hiermee geskrap.

#### **Wysiging van regulasie 8**

6. Regulasie 8 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (5) deur die volgende subregulasie:



"(5) Enige geld tot die Komitee se krediet en wat beskikbaar is vir belegging moet belê word, namens en ten gunste van die Komitee en in sy naam in sodanige **[regerings- of ander sekuriteite]** rekeninge soos deur die Minister goedgekeur.";

(b) die vervanging van subregulasie (7A) deur die volgende subregulasie:

"(7A) **[(i)](a)** Die Komitee word nie toegelaat om enige van sy **[winste of rendemente]** surplus fondse aan enige persoon uit te keer nie en moet sy fondse uitsluitlik vir belegging of die oogmerke waarvoor hy ingestel is, aanwend; Met dien verstande dat niks die Komitee moet verhoed om goedere en dienste, wat verkry is vir die doel om die oogmerke te bereik waarvoor dit ingestel is, te verkry en daarvoor te betaal nie.

**[(ii)](b)** By ontbinding van die Komitee moet sy bates deur 'n persoon wat deur die Minister aangestel is te gelde gemaak word en nadat alle skulde vereffen is, moet die eventuele saldo in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.";

(c) die byvoeging van die volgende voorbehoudsbepaling tot subregulasie (8):

"Met dien verstande dat die nodige fondse beskikbaar is en dat die Komitee die nodige voorsiening in sy jaarlikse begrotingsplan maak vir alle kostes ten opsigte van die indiensneming van sy personeel.";

(d) die invoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (8):

"(8A) Die posbenaming van die mees senior werknemer wat deur die Komitee aangestel is, is die hoof- uitvoerende beampte en hy of sy het, buiten die bevoegdhede, funksies en pligte soos in sy of haar dienskontrak uiteengesit is, die bevoegdhede, funksies en pligte soos in hierdie regulasies uiteengesit is.

(8B) Die prestasie van alle werknemers van die Komitee moet gemoniteer en bestuur word via 'n prestasiebestuursbeleid, welke beleid die vereiste moet bevat dat alle werknemers 'n prestasiebestuursooreenkoms aangaan.";

(e) die invoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (9) –

"(10) Die Minister moet die eise-en-vergoedingsbeleid en vergoedingskale van die voorsitter, ondervoorsitter en lede van die Komitee bepaal.

(11) 'n Persoon is onbevoeg vir aanstelling op die Komitee of om op die Komitee aan te bly, omrede –

(a) hy of sy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie;

(b) hy of sy nie 'n inwoner van KwaZulu-Natal is nie;

(c) hy of sy ten tyde van die aanstelling, of gedurende die voorafgaande 12 maande –

(i) 'n persoon beoog in artikel 8(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994); of

(ii) 'n politieke ampsdraer is of was;

(d) sy of haar familielid 'n persoon beoog in subregulasie (11)(c)(ii) is;

(e) hy of sy 'n lid is van 'n direksie van enige entiteit wat dobbelary of fondsinsameling insluit, 'n beherende belang of enige finansiële belang of ander belang in enige dobbel- of fondsinsamelingsaktiwiteit het of 'n direkte of indirekte finansiële belang in enige dobbel- of fondsinsamelingsaktiwiteit verkry of in diens is van enige persoon, maatskappy, organisasie of ander liggaam, hetsy korporatief of ongeïnkorporeerd, wat 'n belang soos beoog in hierdie subregulasie het;

(f) sy of haar familielid 'n lid is van 'n direksie van enige entiteit wat dobbelary of fondsinsameling insluit of enige direkte of beherende belang in sodanige entiteit het;

(g) hy of sy 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;

(h) hy of sy –

(i) 'n persoon onder kuratorskap is;

- (ii) kragtens artikel 9 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973) gesertifiseer is, en nie ontslaan is uit 'n instelling bedoel ingevolge sodanige Wet nie; of
- (iii) onweerlegbaar as ontoerekeningsvatbaar bewys kan word of aan 'n liggaamlike gebrek ly wat hom of haar verhoed om sy of haar pligte na behore uit te voer;
- (i) hy of sy te eniger tyd uit 'n vertrouensamp verwyder is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog insluit;
- (j) hy of sy skuldig bevind is en gevonnissen is tot 'n termyn van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, behalwe dat die Minister, by die openbaarmaking van volle besonderhede van 'n misdryf in 'n beëdigde verklaring van 'n persoon wat vir aanstelling benoem is, 'n skuldigbevinding kan oorsien: Met dien verstande dat dit nie 'n skuldigbevinding is vir 'n misdryf wat moord, strafbare manslag wat 'n aanranding behels, verkragting, roof, diefstal, bedrog, vervalsing en uitgifte, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998), of die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie, 2001 (Wet No. 38 van 2001), enige ernstige misdryf wat oneerlikheid insluit, 'n misdryf wat smokkelary met geskeduleerde stowwe en verdowingsmiddels behels, 'n misdryf ten opsigte van die opbrengs van omskrewe misdaad soos bedoel in die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992), of enige misdryf kragtens hierdie Wet of enige ander soortgelyke wet insluit nie: Voorts met dien verstande dat –
- (i) enige skuldigbevinding of vonnis wat deur 'n hof buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika opgelê is, nie in ag geneem word vir die doeleindes van hierdie subregulasie nie, tensy sodanige misdryf op daardie tyd 'n misdryf sou wees indien dit in die Republiek van Suid-Afrika plaasgevind het; en
- (ii) vir die doeleindes van hierdie subregulasie, word 'n persoon geag as nie skuldig bevind en gevonnissen nie –
- (aa) totdat enige appèl wat teen sodanige skuldigbevinding of vonnis aangeteken is, aangehoor is en uitspraak aangaande sodanige appèl gelewer is;
- (bb) totdat die tyd wat regtens toegelaat word vir die aantekening van appèl teen sodanige skuldigbevinding of vonnis verstryk het sonder dat enige sodanige appèl aangeteken is; of
- (cc) indien amnestie of algehele kwytskelding deur 'n bevoegde gesag aan hom of haar verleen is;
- (k) hy of sy 'n werknemer van 'n totalisator is, of 'n totalisatoragent is, of 'n werknemer van sodanige agent is, soos in die Ordonnansie bedoel;
- (l) hy of sy of sy of haar familielid 'n beherende belang of enige finansiële of ander belang in enige beroepswedderslisensiehouer, totalisator, totalisatoragent of houer van 'n renbaanlisensie het, soos in die Ordonnansie bedoel;
- (m) hy of sy of sy of haar familielid 'n beherende belang of enige finansiële of ander belang in enige onderneming het, met inbegrip van 'n regsliggaam, wat 'n eienaar, teler of afrigter van resiesperde is; of
- (n) hy of sy deur 'n hofbevel in die register van uitgeslote persone, bedoel in artikel 14(7) van die Nasionale Dobbeltwet, vermeld word.

(12) Indien enige lid van die Komitee gedurende sy of haar ampstermyn ingevolge subregulasie (11) onbevoeg raak, moet hy of sy onmiddellik by sodanige onbevoegwording sodanige inligting skriftelik aan die Minister verklaar, om die Minister in staat te stel om stappe te doen om die vakature wat so ontstaan het, te vul.

(13) Vir die doeleindes van hierdie regulasie, sluit 'n finansiële belang nie 'n indirekte belang wat gehou word in enige fonds of belegging in nie indien die persoon wat daardie belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat ten opsigte van daardie fonds of belegging gemaak is nie."

#### Vervanging van regulasie 9

7. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 9 deur die volgende regulasie:

"9.(1) Die voorsitter of, in sy afwesigheid, die ondervoorsitter, moet die datum, tyd en plek van elke vergadering van die Komitee bepaal.

(2) 'n Kworum van die Komitee is vier wees, bestaande uit vier lede of plaasvervangende lede, of vier lede en plaasvervangende lede.

(3) Besluite van die Komitee is volgens die meerderheidstem; met dien verstande dat die voorsitter, of in sy afwesigheid, die ondervoorsitter, of in die afwesigheid van albei, die persoon wat ingevolge subregulasie (4) verkies is, in die geval van 'n staking van stemme 'n beslissende sowel as 'n beraadslagende stem het.

(4) Die voorsitter of, in sy afwesigheid, die ondervoorsitter, moet op enige vergadering voorsit. Indien nóg die voorsitter nóg die ondervoorsitter op 'n vergadering teenwoordig is, moet die lede en plaasvervangende lede wat dan teenwoordig is uit eie geledere 'n persoon verkies wat vir die duur van daardie vergadering as voorsitter moet optree."

#### Vervanging van regulasie 10

8. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 10 deur die volgende regulasie:

"10. Die Komitee kan, behoudens –

(a) die goedkeuring van die Minister; en

(b) publikasie, in die *Provinsiale Koerant*, van die konsepreëls vir openbare kommentaar, reëls bepaal vir die –

(i) beheer van beroepswedders; en

(ii) bestuur en beheer van wedkamers en sodanige ander plekke waar 'n beroepswedder weddenskappe soos voorgeskryf, kan aanvaar."

#### Wysiging van regulasie 11

9. Regulasie 11 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"(1) Die Komitee, **[of]** sy gedelegeerde, of diegene van sy werknemers wat as inspekteurs aangestel is, moet ondersoek instel na enige bewering aangaande 'n beroepswedder, **[of]** 'n geregistreeerde bestuurder, of 'n geregistreeerde klerk –

(a) van **[oneervolle of skandelige]** gedrag wat strydig is met enige gedragskode wat sodanige beroepswedder, geregistreeerde bestuurder of geregistreeerde klerk bind;

(b) van die skending van enige plig of verpligting wat hom opgelê is by die Ordonnansie, hierdie regulasies, die voorwaardes van sy lisensie of die in regulasie 10 bedoelde reëls;

(c) van deelname aan sodanige in paragrawe (a) en (b) vermelde gedrag of skending aan die kant van enige ander beroepswedder; en kan na sodanige ondersoek onmiddellik aan die **[betrokke]** beroepswedder of aan **[sy]** die geregistreerde bestuurder of aan **[sy]** die geregistreerde klerk **[gemagtig ingevolge regulasie 31,]** 'n skriftelike kennisgewing van tydelike opskorting beteken **[in die voorgeskrewe vorm en], by aanvoering van grondige redes** waarin vermeld word –

(i) die tydperk waarvoor die beroepswedder se lisensie of **[’n]** die bestuurder se of klerk se registrasiesertifikaat opgeskort word; en

(ii) die datum waarop sodanige beroepswedder, **[of]** bestuurder of klerk voor die Komitee moet verskyn vir 'n **[besluit]** verhoor bedoel by subregulasie (4);

met dien verstande dat die hierbovermelde tydperk en datum nie sewe dae vanaf die datum van die kennisgewing mag oorskry nie.”;

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

“(2) **[’n Gedelegeerde van die Komitee moet binne]** In die geval wanneer ’n kennisgewing of tydelike opskorting uitgereik is ingevolge subregulasie (1)(c), moet die persoon of liggaam wat die kennisgewing uitgereik het, binne agt-en-veertig uur na die uitreiking van [’n tydelike] die [opskortings]kennisgewing aan die [sekretaris van Komitee] hoof- uitvoerende beampte ’n volledige verslag verskaf oor die omstandighede wat tot die vermelde opskorting aanleiding gegee het.”;

(c) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

“(3) Die Komitee het die bevoegdheid om 'n tydelike opskorting deur sy gedelegeerde of werknemer ter syde te stel voor die datum waarop die beroepswedder, **[of]** die geregistreerde bestuurder, of geregistreerde klerk voor hom moet verskyn. **Sodanige]** Met dien verstande dat die tersydestelling van 'n tydelike opskorting onthef die betrokke beroepswedder, **[of]** die bestuurder, of die klerk nie daarvan om voor die Komitee te verskyn op die in die tydelike opskortingskennisgewing bepaalde datum nie, tensy die Komitee 'n ander dag vir hierdie doel bepaal het.”;

(d) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) Wanneer 'n beroepswedder voor die Komitee verskyn vir 'n **[besluit]** verhoor aangaande die aangeleenthede wat aanleiding gegee het tot die tydelike opskorting van sy lisensie, kan die Komitee, by die afsluiting van die verhoor, ’n besluit neem om –

(a) die opskorting ter syde te stel;

(b) sodanige beroepswedder se lisensie op te skort vir sodanige verdere tydperk wat hy goed vind; of

(c) 'n boete van hoogstens **[R5 000]** R25 000 oplê vir elke voorval met betrekking tot sodanige gedrag of skending vermeld in subregulasie (1) deur sodanige beroepswedder, met of sonder die opskorting van sy lisensie op die koop toe, of as 'n alternatief vir die betaling van sodanige boete: Met dien verstande dat die volle boete opgelê vir meer as 40 voorvalle met betrekking tot sodanige gedrag of skending vermeld in subregulasie (1), nie R1 000 000 mag oorskry nie.”;

(e) die vervanging van subregulasie (4A) deur die volgende subregulasie:

“(4A) Wanneer 'n geregistreerde bestuurder of ’n geregistreerde klerk voor die Komitee verskyn vir 'n **[besluit]** verhoor aangaande die aangeleenthede wat aanleiding gegee het tot die tydelike opskorting van sy registrasiesertifikaat, kan die Komitee, by die afsluiting van die verhoor, ’n besluit neem om –

(a) die opskorting ter syde te stel;

(b) sodanige bestuurder se of sodanige klerk se registrasiesertifikaat op te skort vir sodanige verdere tydperk wat hy goed vind;

(c) sodanige bestuurder se of sodanige klerk se registrasiesertifikaat summier intrek; of

(d) 'n boete van hoogstens –

- (i) [R1 000] R5 000 oplê vir elke voorval met betrekking tot sodanige gedrag of skending vermeld in subregulasie (1) deur sodanige bestuurder, met of sonder die opskorting of intrekking van sy registrasiesertifikaat op die koop toe, of as 'n alternatief vir die betaling van sodanige boete.”; of
- (ii) R1 000 oplê vir elke voorval met betrekking tot sodanige gedrag of skending vermeld in subregulasie (1) deur sodanige klerk, opskorting of intrekking van sy registrasiesertifikaat op die koop toe, of as 'n alternatief vir die betaling van sodanige boete.”;
- (f) die vervanging van subregulasie (5) deur die volgende subregulasie:
- “(5) Die Komitee, sy gedelegeerde, of diegene van sy werknemers wat as inspekteurs aangestel is, het ook die bevoegdheid om enige in subregulasie (1)(a), (b) en (c) vermelde gedrag of skending te ondersoek sonder dat hy verplig is om 'n tydelike opskortingskennisgewing uit te reik, in welke geval die bepalinge van subregulasie (4)(b) en (c) en subregulasie (4A)(b), (c) en (d) *mutatis mutandis* van toepassing is.”;
- (g) die vervanging van subregulasie (6) deur die volgende subregulasie:
- “(6)(a) Enige beroepswedder, [of] geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk ten opsigte van wie 'n ondersoek ingevolge subregulasie (1) en (5) gehou word, moet persoonlik voor die Komitee verskyn en is daarop geregtig om getuienis te lewer en om òf persoonlik òf deur middel van 'n advokaat of prokureur aangehoor te word, om getuies op te roep, om getuies wat deur 'n ander party of die Komitee opgeroep is onder kruisverhoor te neem en om dokumente en artikels wat ter getuienis voorgelê word, te ondersoek.
- (b) Voordat 'n in paragraaf (a) bedoelde beroepswedder, [of] geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk voor die Komitee getuienis lewer, moet hy 'n eed of 'n plegtige verklaring aflê welke eed of plegtige verklaring deur die voorsitter of ondervoorsitter van die Komitee, na gelang van die geval, afgeneem moet word.
- (c) Nadat hy 'n eed of plegtige verklaring afgelê het, is enigeen wat valse getuienis oor enige aangeleentheid voor die Komitee aflê, wetende dat sodanige getuienis vals is of indien hy nie weet of glo dat dit waar is nie, aan 'n misdryf skuldig.
- (d) Indien [sodanige] enige beroepswedder, [of] geregistreerde bestuurder of geregistreerde klerk versuim om voor die Komitee te verskyn, kan die Komitee die in subregulasie (4) en (5) vermelde bevoegdhede in sy afwesigheid uitoefen.”;
- (h) die vervanging van subregulasie (7) deur die volgende subregulasie:
- “(7) Die aantekening van appèl teen die besluit van die Komitee ingevolge **[subregulasie]** subregulasies (4), (4A) of (5) hiervan geneem, skort nie die toepassing van sodanige besluit op nie.”; en
- (i) die invoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (9):
- “(10) Die Komitee moet, binne 7 dae na die neem van 'n besluit in subregulasie (4) of (4A) hiervan bedoel, gedetailleerde skriftelike redes vir sy besluit aan alle persone en liggame wat deur die besluit geraak word, verskaf.
- (11) Die Komitee moet die formaat van en wyse bepaal waarop die verhore in subregulasie (4) of (4A) hiervan bedoel, uitgevoer word, met inbegrip van onder andere aangeleenthede soos die toelaatbaarheid van getuienis.”.

### Wysiging van regulasie 12

10. Regulasie 12 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

- “(1) Die Komitee moet, wanneer hy sy bevoegdhede uitoefen om aan 'n subkomitee te deleger kragtens artikel 21A (3) van die Ordonnansie, 'n lid daarvan as voorsitter aanwys.”.

**Wysiging van regulasie 13**

11. Regulasie 13 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

“(1) 'n Appèl ingevolge artikel 21B van die Ordonnansie moet aangeteken word deur die indien van 'n skriftelike kennisgewing van appèl met uiteensetting van die gronde waarop sodanige appèl berus by die **[Sekretaris]** hoofuitvoerende beampte, binne 21 dae nadat appèl teen die besluit aangeteken is.

(1A) 'n Appellant moet, wanneer 'n appèl ingevolge subregulasie (1) aangeteken word, aan die **[Sekretaris]** Komitee die volgende betaal –

(a) 'n deposito van **[R4 000,00]** R4 000; of

(b) indien die appellant 'n wedder is wat by die Minister appèl teen 'n besluit van die Komitee ingevolge subregulasie (4) of (5) van regulasie 26 aanteken, 'n deposito van **[R500,00]** R500; of

(c) indien die appellant 'n beroepswedder is wat by die Minister appèl teen 'n besluit van die Komitee ingevolge subregulasie (4) of (5) van regulasie 26 aanteken, 'n deposito van **[R2 000,00]** R5 000[.]; of

(d) geen deposito is betaalbaar indien die appellant deur die Komitee in diens geneem is as 'n inspekteur wat 'n aangeleentheid vervolg bedoel in regulasie 11(4) of 11(4A) nie.”;

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

“(2) Indien die appèl aan die Minister uit 'n besluit van die Komitee spruit, moet die Komitee, binne sewe dae na die aanteken van 'n appèl, 'n afskrif van die kennisgewing van appèl en alle ander tersaaklike dokumente en transkripsies, saam met 'n afskrif van die Komitee se redes vir sy besluit aan die Direkteur-generaal stuur, vir oorweging deur die Minister.”;

(c) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

“(3) Indien 'n appèl aan die Komitee uit 'n besluit van sy gedelegeerde spruit, moet die voorsitter so gou doenlik 'n vergadering van die Komitee byeenoep by welke vergadering die [aangeleentheid] appèl deur die Komitee, uitsluitend sodanige gedelegeerde, aangehoor moet word, tensy die Komitee in die afwesigheid van sy gedelegeerde nie 'n kworum behou nie, in welke geval die Komitee die appèl na die Direkteur-generaal moet verwys vir oorweging deur die Minister.”; en

(d) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) Die Minister moet die appèl so gou doenlik oorweeg en na oorweging van die appèl kan hy of sy –

(a) 'n appèl weier en die besluit van die Komitee bekragtig;

(b) die appèl in geheel of gedeeltelik bekragtig en sy besluit vervang of die besluit van die Komitee wysig;

(c) die aansoek na die Komitee terug verwys vir oorweging en besluit, met sodanige instruksies soos hy nodig ag[.];

(d) gelas dat enige deposito wat betaal is, terugbetaal word nadat die Minister die appèl aangehoor het of, indien die appèl teruggetrek word voordat die Minister dit aanhoor, wanneer die bekendmaking van die terugtrekking van die appèl ontvang word; of

(e) gelas dat enige deposito wat betaal is, verbeur word indien hy van oordeel is dat 'n appèl beuselagtig is.”.

**Skraping van regulasie 14**

12. Regulasie 14 van die regulasies word hiermee geskrap.

**Wysiging van regulasie 15**

13. Regulasie 15 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

“(2) Die aansoek moet vergesel gaan van –

(a) 'n gewaarmerkte afskrif van die verkoopsooreenkoms van die aansoeker se voorgestelde aankoop van die hele of 'n deel van die betrokke beroepsweddersbesigheid;

(b) 'n afskrif van die vennootskapsooreenkoms, waar van toepassing;

(c) bewys van lidmaatskap van die Vereniging;

(d) **[skriftelike kennisgewing deur die Komitee van sy besluit om die aansoek te steun of teen te staan en in die geval van 'n besluit om die aansoek teen te staan, die volle redes vir daardie besluit] die aansoekgeld voorgeskryf in die eerste bylae by die Ordonnansie, welke geld die Komitee moet toeval;**

(e) die skriftelike toestemming van die betrokke renklub indien die aansoeker van voorneme is om op 'n renbaan sake te doen;

(f) die aansoeker se inkomstebelastingregistrasienumer;

(g) afskrifte van die aansoeker se belastingaanslae of -opgawes vir die twee belastingjare wat die jaar waarin die aansoek gedoen word, onmiddellik voorafgaan;

(h) die aansoeker se skriftelike toestemming tot 'n ondersoek deur die Komitee, of deur die Komitee se agent, konsultant of werknemer, oor sy of haar finansiële agtergrond, finansiële status, besigheidsgeskiedenis, werksgegeskiedenis en enige ander aangeleentheid wat in die **[beëdigde verklaring bedoel in paragraaf (i)] lisensie-aansoekvorm bekend gemaak word;**

(i) **[ 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker waarin vermeld word of hy of sy –**

(i) skuldig bevind is aan enige misdaad waarby bedrog of diefstal betrokke was;

(ii) die vonnisskuldenaar is kragtens enige onafgehandelde siviele hofuitsprake;

(iii) 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;

(iv) as 'n wanbetaler deur die Jokkieklub van Suid-Afrika of die Komitee opgeteken is; en

(v) enige bepaling van die Ordonnansie oortree het, al dan nie en, indien wel, volledige besonderhede daarvan en 'n erkenning dat indien daar later gevind sou word dat hierdie beëdigde verklaring nie korrek was nie of hy of sy daarna weens 'n misdryf skuldig bevind word waarby bedrog of diefstal betrokke was, enige beroepswedderslisensie wat dan deur hom of haar gehou word, outomaties tydelik opgeskort sal word, hangende 'n besluit deur die Komitee, soos bedoel in regulasie 11 (4);] 'n volledige stel van die aansoeker se vingerafdrukke, bekom vanaf die Suid-Afrikaanse Polisie; en

(j) **[die aansoekgeld voorgeskryf in die eerste bylae by die Ordonnansie, welke geld die Komitee toeval.] bewys van betaling aan die Suid-Afrikaanse Polisie van die geld ten opsigte van 'n versoek om 'n sertifikaat wat die aansoeker se kriminele rekordstatus aandui;**; en

(b) die invoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (3):

“(4) 'n Aansoeker wat nie alreeds 'n beroepswedderslisensie in KwaZulu-Natal hou nie, kan versoek word om 'n evaluasie te ondergaan van sy of haar kennis van die beroepsweddersbesigheid en van die wet wat op beroepswedders van toepassing is.

(5) Die evaluasie bedoel in subregulasie (4) moet deur die Komitee gedoen word.”

**Wysiging van regulasie 16**

14. Regulasie 16 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

“(1) Aansoek om 'n tydelike beroepswedderslisensie moet deur die aansoeker aan die Direkteur-generaal gerig word en moet vergesel gaan van –

(a) betaling van die tydelike lisensiegeld voorgeskryf in die eerste bylae by die Ordonnansie;

(b) die naam en fisiese adres van die beroepswedder by wie die aansoeker in diens geneem word; en

(c) 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker wat meld dat hy of sy nie onbevoeg is vir sodanige indiensneming nie uit hoofde van die bepalings van artikel 49 van die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet No. 7 van 2004).”;

(b) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

“(3) **[Nadat die aansoek vermeld in subregulasie (1) oorweeg is, kan die Komitee die aansoek weier of goedkeur, in welke geval die Komitee aan hom of haar, na ontvangs van die tydelike lisensiegeld voorgeskryf in die eerste bylae by die Ordonnansie, 'n lisensie kan uitreik.]** 'n Tydelike beroepswedderslisensie wat deur die Minister toegestaan is en deur die Direkteur-generaal uitgereik is ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie word toegestaan, onderworpe aan die volgende voorwaardes –

(a) dat **[hy of sy]** die lisensiehouer slegs in die wedkamer van 'n gelisensieerde beroepswedder sake doen; en

(b) dat **[hy of sy, voor diensaanvaarding, die Komitee skriftelik in kennis stel van die naam en fisiese adres van]** die beroepswedder in wie se diens **[hy of sy]** die aansoeker tydelik sal wees **[en voornoemde werkgever]** die indiensneming **[en erken dat hy of sy aanspreeklik is vir al die pligte en verpligtinge]** van die tydelike beroepswedder moet bevestig.”; en

(c) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) 'n Tydelike beroepswedderslisensie moet die volle name van die betrokke tydelike beroepswedder, die tydperk waarvoor die lisensie geldig is[,] en die uitreikingsdatum **[en die voorwaardes vermeld in subregulasie (2)]** bevat.”.

**Wysiging van regulasie 17**

15. Regulasie 17 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van die regulasie-opskrif deur die volgende opskrif:

“Aansoek om 'n tydelike **[afskorting]**lisensie om op 'n renbaan sake te doen”; en

(b) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

“17.(1) 'n **[A]**aansoek deur 'n beroepswedder wat 'n lisensie hou om **[in die goue arena]** op 'n renbaan sake te doen, vir 'n lisensie om vir 'n enkele dag **[by die afskorting]** op 'n renbaan sake te doen, moet aan die betrokke wedrenklub gerig word.”.

**Wysiging van regulasie 18**

16. Regulasie 18 word hiermee gewysig deur die invoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (2):

“(3) Die Komitee moet –

(a) die voltooide aansoekvorm om 'n nuwe beroepswedderslisensie;

(b) sy skriftelike verslag betreffende die geskiktheid van die aansoeker;

(c) sy besluit om die aansoek te steun of teen te staan; en

(d) in die geval van 'n besluit om die aansoek teen te staan, die volle redes vir daardie besluit, by die Direkteur-generaal indien.



(4) 'n Verslag aangaande die ondersoek na die geskiktheid van 'n aansoeker vir 'n beroepswedderslisensie soos in regulasie 15 bedoel, moet vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van sy voorlegging aan die Direkteur-generaal geldig bly.

(5) Indien 'n aansoeker om 'n beroepswedderslisensie in regulasie 15 bedoel suksesvol was en 'n aansoek doen om nog 'n beroepswedderslisensie binne 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van die eerste voorlegging aan die Direkteur-generaal, kan die verslag in subregulasie (4) bedoel deur die Komitee hervoorgelê word aan die Direkteur-generaal ter staving van die vars aansoek: Met dien verstande dat die aansoeker by wyse van 'n beëdigde verklaring moet bevestig dat geen wesenlike inligting of omstandighede weergegee in sy of haar aansoekdokumentasie verander het op 'n wyse wat waarskynlik is om die aansoeker se geskiktheid vir die toestaan van die vars beroepswedderslisensie te beïnvloed.

(6) Indien die aansoeker beoog in subregulasie (5) die vereiste beëdigde verklaring kan verskaf, bly die dokumentasie ter staving van die aansoek, soos beoog in regulasie 15, geldig vir dieselfde tydperk as die verslag beoog in subregulasie (4): Met dien verstande dat die aansoeker steeds aanspreeklik is vir betaling van die aansoekgeld en voorts met dien verstande dat die aansoeker desnieteenstaande gebind is deur die vereistes van regulasie 15(2)(a), 15(2)(b) en 15(2)(e)."

#### **Vervanging van regulasie 19**

17. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 19 deur die volgende regulasie:

"19.(1) Die Minister moet weier om 'n lisensie aan 'n aansoeker toe te staan indien daardie persoon –

(a) onder die ouderdom van 18 jaar is;

(b) 'n staatsdiensamptenaar of politieke ampsdraer is;

(c) vermeld word in die register van uitgeslote persone;

(d) 'n lid of werknemer van die Komitee is;

(e) 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;

(f) nie 'n geskikte en toepaslike persoon is om by die betrokke besigheid betrokke te wees nie;

(g) behoudens 'n bevel deur 'n bevoegde hof ontoerekeningsvatbaar of waansinnig is;

(h) ooit uit 'n vertrouensamp verwyder is as gevolg van wangedrag wat bedrog of wederregtelike toe-eiening van geld insluit;

(i) gedurende die voorafgaande tien jaar, in die Republiek of elders, skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte, 'n vervalste dokument, meened, 'n misdryf kragtens die Bedrogwet, 1992 (Wet No. 94 van 1992), of 'n misdryf ingevolge die Ordonnansie en gevonnissen tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot 'n boete wat R3 000 oorskry, tensy die persoon amnestie of algehele kwytskelding vir die misdryf ontvang het; of

(j) 'n familielid is van –

(aa) 'n staatsdiensamptenaar of politieke ampsdraer; of

(bb) 'n lid of werknemer van die Komitee.

(2) 'n Provinsiale lisensie-owerheid moet weier om 'n lisensie uit te reik aan 'n persoon wat onbevoeg is om 'n belang te hou in 'n lisensie, lisensiehouer, gelisensieerde perseel, of die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het, ingevolge subregulasie (1), of ander toepaslike provinsiale reg.

(3) Die Minister moet weier om 'n lisensie toe te staan aan 'n persoon wat onbevoeg is om 'n belang te hou in 'n lisensie, lisensiehouer, gelisensieerde perseel, of die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het, ingevolge subregulasie (1), of ander toepaslike provinsiale reg.

(4) Die Minister moet weier om 'n lisensie toe te staan aan 'n aansoeker indien, nadat die voorgeskrewe ondersieke uitgevoer is, die lisensie-owerheid rede het om te glo dat die aansoeker, enige persoon wat 'n behorende belang in die aansoeker het, enige persoon wat enige van die totale finansiële belang in die aansoeker hou, of enige bestuurder van die betrokke besigheid –

(a) 'n familielid is van 'n lid van daardie lisensie-owerheid; of

(b) onbevoeg is om 'n belang te hou in 'n lisensie, lisensiehouer, of die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het, ingevolge subregulasie (1).

(5) Die Direkteur-generaal moet, by die toestaan van 'n lisensie deur die Minister en nakoming deur die aansoeker van enige voorwaarde opgelê as 'n voorvereiste tot die uitreiking van die lisensie en betaling van die lisensiegeld soos bepaal in die eerste bylae by die Ordonnansie, die toepaslike lisensie in die voorgeskrewe vorm uitreik en moet enige ander voorwaardes wat deur die Minister opgelê is, daarop of op enige aanhangsel daartoe aanbring.”

#### **Wysiging van regulasie 20**

18. Regulasie 20 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

“(1) Aansoek om die hernuwing van 'n beroepswedderslisensie moet op die voorgeskrewe wyse aan die Direkteur-generaal gerig word nie vroeër nie as 1 November en nie later nie as **[31]** 10 Desember van die jaar waarvoor die lisensie uitgereik is.”; en

(b) die invoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (2):

“(3) 'n Beroepswedder wat ingevolge hierdie regulasie aansoek doen om die hernuwing van sy of haar lisensie moet beide jaarlikse finansiële state en gewaarmerkte afskrifte van alle inkomstebelastingopgawes ten opsigte van die beroepsweddersbesigheid waarop die lisensie betrekking het, indien.”

#### **Vervanging van regulasie 21**

19. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 21 deur die volgende regulasie:

“**21.** Buiten vir die doeleindes van artikel 22 van die Ordonnansie moet 'n aansoek om 'n beroepswedderslisensie by verandering van eienaarskap van 'n bestaande beroepsweddersbesigheid as 'n aansoek om 'n nuwe lisensie beskou word.”

#### **Vervanging van regulasie 22**

20. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 22 deur die volgende regulasie:

“**22.**(1) Wedkamerpersele, wat deur die beroepswedder op eie koste verskaf moet word, is onderworpe aan die goedkeuring **[van]** deur die **[Minister]** hoof- uitvoerende beampte van die **[akkommodasie daarin verskaf en van die ligging daarvan]** ligging en die geskiktheid daarvan vir die doeleindes van beroepswedder.”

(2) Die beroepswedder moet ten alle tye sodanige perseel in 'n skoon en sanitêre toestand hou tot die **[Minister]** hoof- uitvoerende beampte se tevreedenheid.

(3) Wanneer meer as een beroepswedder op dieselfde perseel sake doen, moet die pligte wat deur regulasie opgelê is, hulle gesamentlik en apart toeval.

(4) Die Minister kan bevoegdhede ingevolge subregulasie (1) en (2) aan die **[Komitee]** hoof- uitvoerende beampte delegeer.

**[(5) Die Komitee kan die aard, grootte en ligging van beroepsweddershokkies op wedkamerpersele bepaal wat deur die Minister ingevolge hierdie regulasie goedgekeur is, met inbegrip van die aanvanklike okkupering deur en gereelde rotasie van die okkupeerders van sodanige hokkies.]**

### Vervanging van regulasie 23

21. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 23 deur die volgende regulasie:

"23.(1) Geen beroepswedder moet sake op enige perseel, buiten dié vermeld ingevolge artikel 22(8) van die Ordonnansie of op sodanige ander perseel as deur die Minister goedgekeur, doen nie.

(2) Geen beroepswedder moet enige strukturele wysiging of byvoeging aan die primêre wedkamerperseel maak nie behalwe met die vooraf skriftelike goedkeuring van die Minister.

(3) 'n Aansoek om die Minister se goedkeuring ingevolge subregulasies (1) en (2) moet vergesel gaan van 'n grondplan van die voorgestelde perseel waarheen die besigheid geskuif word of van die strukturele wysigings of byvoegings na gelang van die geval.

(4) Vir die doeleindes van hierdie regulasie, beteken "sekondêre wedkamerperseel" die residensiële perseel waarop die beroepswedder normaalweg woon, welke perseel nie oop is vir die publiek nie en waar beroepsweddersbedrywighede plaasvind.

(5) Indien 'n beroepswedder verlang om wedtransaksies vanaf 'n sekondêre wedkamerperseel aan te gaan, moet hy of sy moet eers skriftelik aansoek doen by –

(a) die Minister, vir die goedkeuring van die sekondêre wedkamerperseel; en

(b) die Komitee, vir die goedkeuring van die soort toerusting om te gebruik vir die doel om transaksies in te voer op die beroepswedder se gerekenariseerde optekenstelsel en vir die werklike installasie van sodanige toerusting op sy of haar sekondêre wedkamerperseel.

(6) Enige toerusting wat ingevolge subregulasie (5)(b) hierbo deur die Komitee goedgekeur is, moet –

(a) op 'n wyse werk wat wesenlik soortgelyk is aan 'n rekenaarterminal soos normaalweg gebruik word deur die beroepswedder vir die invoer van wedtransaksies op die beroepswedder se primêre wedkamerperseel; en

(b) die beroepswedder toelaat om wedtransaksies direk in die beroepswedder se gerekenariseerde optekenstelsel in te voer, vanaf die beroepswedder se sekondêre wedkamerperseel deur die internet te gebruik.

(7) Goedkeuring deur die Komitee van die installasie op en die gebruik van die gerekenariseerde optekenstelsel vanaf die beroepswedder se sekondêre wedkamerperseel moet aan die beroepswedder gekommunikeer word voordat hy of sy wedtransaksies vanaf enige sodanige perseel mag aangaan.

(8) 'n Beroepswedder mag slegs wedtransaksies aangaan deur sy of haar gerekenariseerde optekenstelsel op sy of haar sekondêre wedkamerperseel te gebruik, wanneer die primêre wedkamerperseel wat deur die beroepswedder gebruik is, toegemaak is vir die publiek vir sake."

#### Vervanging van regulasie 24

22. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 24 deur die volgende regulasie:

**"24.(1) [Behalwe as spesifiek anders in die Ordonnansie bepaal word,] kan 'n beroepswedder se primêre wedkamerperseel oopgehou word vir die aangaan en betaling van weddenskappe gedurende sodanige ure en op sodanige dae as deur die beroepswedder bepaal ten opsigte van die kamers onder sy beheer[: met dien verstande dat geen kamers —**

- (a) vroeër as 07h30 en later as een uur na die afsluiting van die laaste wedren op enige wedrendag; of**
- (b) vroeër as 09h00 en later as 18h00 op enige ander dag as wedren oopgehou moet word nie; of**
- (c) op Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Kersdag en op Sondag oop mag wees nie; voorts met dien verstande dat wedkamers ooreenkomstig hierdie regulasie oopgehou kan word op daardie bepaalde Sondag ten opsigte waarvan die Minister bepaal dat wedrenne gehou mag word.**

**(2) Die Komitee kan 'n beroepswedder op aanvraag magtig om 'n wedkamer oop te hou —**

- (a) tussen ander ure as dié in subregulasie (1) vermeld; en**
- (b) op die dae in subregulasie (1) vermeld, met die doel om weddenskappe op sportgebeurtenisse en enige ander gebeurtenis of gebeurlikheid te aanvaar.]"**

#### Wysiging van regulasie 26

23. Regulasie 26 van die regulasies word hiermee gewysig deur —

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"(1) Die Komitee het die bevoegdheid om enige weddenskapsgekil tussen 'n beroepswedder en 'n wedder of tussen 'n beroepswedder en 'n ander beroepswedder te skik.";

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) Enige wedder of beroepswedder wat 'n weddenskapsgekil aan die Komitee wil voorlê, moet dit skriftelik doen en by die **[Sekretaris] hoof- uitvoerende beampte** indien binne veertien dae na die datum waarop die gekil ontstaan het, terwyl hy terselfdertyd volledige besonderhede van sodanige gekil verskaf: met dien verstande dat 'n wedder deur die **[Komitee] hoof- uitvoerende beampte** aangesê kan word om 'n deposito van R500,00 aan die **[Sekretaris] Komitee** te betaal en 'n beroepswedder deur die **[Komitee] hoof- uitvoerende beampte** aangesê moet word om 'n deposito van of R2 000,00 aan die **[Sekretaris] Komitee** te betaal.";

(c) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

"(3) Die **[Sekretaris] hoof- uitvoerende beampte** moet onmiddellik by ontvangs van kennisgewing van sodanige gekil die besonderhede daarvan in 'n register wat vir daardie doel bygehou word, opteken.";

(d) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) Die Komitee moet, na [behoorlike ondersoek van die geskil] ontvangs van ’n verslag wat deur werknemers van die Komitee opgestel is aangaande hul ondersoek van die geskil, ’n verhoor aangaande die geskil hou en [,] behoudens die bepalings van subregulasie (5), [na aanhoor van die partye daartoe,] by die afsluiting van die verhoor, oor die geskil beslis, soos bedoel in subregulasie (6).”;

(e) die vervanging van subregulasie (6) deur die volgende subregulasie:

“(6) kan die Komitee –

(a) gelas dat enige deposito wat betaal is, terugbetaal word nadat die Komitee die geskil aangehoor het of, indien die geskil teruggetrek word voordat die Komitee dit aanhoor, wanneer die bekendmaking van die terugtrekking van die geskil ontvang word;

(b) gelas dat enige deposito wat betaal is, verbeur word indien hy van oordeel is dat ’n geskil beuselagtig is[.]; en

(c) ’n bevel uitreik wat die wyse bepaal waarop die weddenskappeskil opgelos moet word, met inbegrip van onder andere ’n bevel wat ’n weddenskap nietig verklaar, of ’n aanwysing ongeldig maak, of ’n bevel wat die betaling van enige bedrag deur een party aan die ander bepaal.”; en

(f) die byvoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (6):

“(7) Die aantekens van ’n appèl teen ’n besluit of bevel van die Komitee wat gemaak is ingevolge subregulasie (4) of (6) hiervan, moet nie die uitvoering van sodanige besluit of bevel opskort nie: Met dien verstande dat waar ’n beroepswedder wat gelas is, deur ’n besluit wat deur die Komitee geneem is aangaande ’n weddenskappeskil, om enige wengeld of ander bedrag aan ’n wedder te betaal, teen die besluit appelleer, moet die wengeld of ander bedrag deur sodanige beroepswedder aan die Komitee betaal word en die Komitee moet sodanige betaling in trust hou, hangende die uitslag van die appèl, waarop die Komitee die wengeld of ander bedrag, ingevolge die Minister se bevel, moet uitbetaal.”.

### Wysiging van regulasie 27

24. Regulasie 27 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die skapping van subregulasie (3);

(b) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) Geen beroepswedder mag enige persoon behalwe ’n gemagtigde en gelisensieerde vennoot met ’n finansiële of beheerende belang in sy beroepsweddersbesigheid toelaat nie.”;

(c) die vervanging van subregulasie (7) deur die volgende subregulasie:

“(7) Die Minister kan geheel na eie goeddunke en deur middel van ’n endossement op of deur middel van ’n aanhangsel by die beroepswedder se lisensie of lisensies wat aan die vennote in ’n beroepsweddersbesigheid uitgereik is, sodanige voorwaardes, beperkings en voorbehoude oplê as wat hy nodig ag.”; en

(d) die invoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (7):

“(8) Indien die voorneme is om ’n vennootskap van gelisensieerde beroepswedders te beëindig, moet die betrokke vennote onmiddellik die Minister skriftelik in kennis stel van hul voorneme om dit te doen.

(9) In geval van die dood van ’n gelisensieerde beroepswedder wat sake in ’n vennootskap gedoen het, kan enige oorlewende vennoot of vennote binne die vennootskap voortgaan om die beroepsweddersbesigheid te bedryf.

(10) Nieteenstaande subregulasie 27(4), is ’n beroepswedder nie uitgesluit van die sluit van ’n konsessie-ooreenkoms waarby die beroepswedder geregtig sou wees op die intellektuele eiendom, kennis en besigheidsmetodes van die

konsessiegewer in die bedryf van sy of haar beroepsweddersbesigheid nie, en die konsessiegewer sou geregtig wees op 'n eienaarsaandeel in die vorm van 'n deel van die finansiële opgawes van die besigheid.

(11) 'n Konsessie-ooreenkoms soos bedoel in subregulasie (10) mag nie geïmplementeer word, tensy die ooreenkoms deur die Minister goedgekeur is nie.

(12) 'n Konsessie-ooreenkoms soos bedoel in subregulasie (10) mag nie die uitwerking hê van oordrag van eienaarskap van, of enige aspek van beheer oor, die beroepsweddersbesigheid aan die konsessiegewer nie.

(13) Die wyse van implementering van 'n konsessie-ooreenkoms soos bedoel in subregulasie (10) mag nie die uitwerking hê van oordrag van eienaarskap van, of enige aspek van beheer oor, die beroepsweddersbesigheid aan die konsessiegewer nie.

(14) Die wyse van implementering van 'n konsessie-ooreenkoms soos bedoel in subregulasie (10) mag nie die uitwerking hê van uitbeelding aan die publiek, deur middel van advertensie of op enige ander wyse, dat 'n beroepsweddersbesigheid deur 'n korporatiewe entiteit besit word nie."

#### **Wysiging van regulasie 28**

25. Regulasie 28 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van die regulasie-opskrif deur die volgende opskrif:

"Beroepsweddersrekords moet bygehou word ten opsigte van 'n handoptekenstelsel **[en 'n rekenaargesteuende optekenstelsel]**";

(b) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"28.(1) Elke beroepswedder wat nie **[‘n] sy of haar** gerekenariseerde optekenstelsel **[gebruik] kan gebruik** nie moet die volgende fisiese boeke en rekords byhou wat 'n volledige en juiste weergawe van sy wedtransaksies gee –

(a) op 'n renbaan of sportfeesbaan –

(i) **[waar 'n handoptekenstelsel gebruik word,]** 'n deelnemersboek wat voorsiening maak vir 'n oorspronklike en twee afskrifte van elke bladsy daarvan deur middel van deurslagpapier **[of, waar 'n rekenaargesteuende optekenstelsel gebruik word, 'n rekenaargegenereerde deelnemerstaat];** en

(ii) 'n voorraad kaartjies wat reeksgewys genommer is<sup>[,]</sup>; en

(b) in 'n wedkamer of op sodanige ander plek wat goedgekeur is vir die aangaan van weddenskappe op sportgebeurtenisse of 'n ander gebeurtenis of gebeurlikheid –

(i) **[waar 'n handoptekenstelsel gebruik word,]** 'n deelnemersboek **[of, waar 'n rekenaargesteuende optekenstelsel gebruik word, 'n rekenaargegenereerde deelnemerstaat];**

(ii) 'n kaartjieboek;

(iii) 'n toonbankboek wat voorsiening maak vir 'n oorspronklike en twee afskrifte van elke bladsy daarvan deur middel van deurslagpapier;

(iv) 'n dekkingsweddenskapboek; en

(v) 'n veelvoudige weddenskapboek waarin alle weddenskappe op perde in wedrenne wat op verskillende wedrendae gehou moet word en alle weddenskappe aangegaan op sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede of 'n kombinasie van wedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede op verskillende dae plaasvind, weergegee word.";

(c) die skrapping van subregulasie (2A): en

(d) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

"(4)(a) Geen beroepswedder mag 'n boek gebruik wat nie, deur 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die Komitee, namens die Komitee geteken is nie.

(b) die Komitee moet 'n register byhou waarin besonderhede opgeteken moet word van alle boeke wat ingevolge paragraaf (a) namens hom geteken is en die datum **[van sodanige handtekening]** waarop sodanige boek geteken is.".

### Wysiging van regulasie 28A

26. Regulasie 28A van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van die opskrif deur die volgende opskrif:

"Prosedures by die aangaan van 'n weddenskap waar 'n handoptekenstelsel **[of 'n rekenaargesteunde optekenstelsel]** gebruik word";

(b) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"(1) Elke beroepswedder wat nie daartoe in staat is om 'n gerekenariseerde optekenstelsel **[benut]** te benut nie moet onmiddellik wanneer hy 'n weddenskap op 'n wedrenbaan of 'n sportfeesbaan aangaan —

(a) besonderhede daarvan in 'n deelnemersboek of 'n deelnemerstaat aanteken soos bedoel by regulasie 28(1)(a)(i) aanteken; **[en]**

(b) indien sodanige weddenskap 'n kontantweddenskap is, 'n genommerde kaartjie beoog in regulasie 28(1)(a)(ii) uitreik aan die persoon met wie die weddenskap aangegaan is, wat in leesbare vorm besonderhede van sodanige weddenskap aandui; en

(c) die nommer van sodanige kaartjie teen die rekord van die weddenskap in die deelnemersboek in paragraaf (a) bedoel aanteken.";

(c) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) (a) Elke beroepswedder wat nie 'n gerekenariseerde optekenstelsel **[gebruik]** kan gebruik nie, moet onmiddellik wanneer hy 'n weddenskap in 'n wedkamer of op enige ander plek wat goedgekeur is vir die neem van weddenskappe by sportgebeurtenisse of enige ander gebeurtenis of gebeurlikheid aangaan —

(i) 'n genommerde kaartjie uit 'n kaartjiesboek beoog in regulasie 28(1) (b) (ii) met die datum en tyd waarop die weddenskap aangegaan word en volledige besonderhede daarvan in leesbare vorm uitreik; met inbegrip van, in die geval van 'n telefoonweddenskap of 'n kredietweddenskap, die naam van die persoon met wie die weddenskap aangegaan word in soveel besonderhede dat dit vir 'n inspekteur wat ingevolge die Ordonnansie aangestel of gemagtig is of enige lid van die Komitee moontlik is om voornoemde persoon te identifiseer;

(ii) daarna volledige besonderhede daarvan opteken —

(aa) in 'n deelnemersboek of 'n deelnemerstaat bedoel in regulasie 28 (1)(b)(i), en

(bb) in 'n toonbankboek bedoel in regulasie 28(1)(b)(iii); **[waarvan beide voorsiening moet maak vir afskrifte van inskrywings in tweevoud deur middel van deurslagpapier;]** en

(iii) indien sodanige weddenskap 'n dekkingsweddenskap is, besonderhede daarvan opteken in 'n dekkingsweddenskapboek beoog in regulasie 28(1)(b)(iv).";

(d) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

"(3) Elke beroepswedder wat nie 'n gerekenariseerde optekenstelsel **[gebruik]** kan gebruik nie en wat sake by 'n wedrenbyeenkoms of sportfees, moet onmiddellik op aanvraag aan die verteenwoordiger van die betrokke

wedrenklub of sportfeesklub die koolafskrif of 'n rekenaargegenereerde afskrif van sodanige bladsy van die deelnemersboek of deelnemerstaat lewer soos wat aangevra word.”; en

(e) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) 'n kaartjie wat ingevolge subregulasies (1)(b) en (2)(a)(i) uitgereik is, moet, tensy dit ten gevolge van 'n telefoonweddenskap uitgereik is, **[onverwyld]** onmiddellik gelewer word aan die persoon met wie die weddenskap aangegaan is.”.

### Wysiging van regulasie 28B

27. Regulasie 28B van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van die regulasie-opskrif deur die volgende opskef:

“Gerekenariseerde optekenstelsel **[en rekenaargesteunde optekenstelsel]**”;

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

“(2) Die verskaffer van 'n gerekenariseerde optekenstelsel of 'n wysiging van 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel moet sodanige stelsel of wysiging aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde voorlê vir sertifisering ingevolge die toepaslike nasionale standaard en, by ontvangs van die nodige sertifisering, sodanige stelsel of wysiging, asook 'n skriftelike beskrywing van die stelsel of wysiging en enige ander dokumentasie wat die aangestelde beampte mag vereis, voorlê aan die aangestelde beampte, wat, behoudens subregulasie (3), sodanige stelsel of wysiging kan weier of goedkeur, met of sonder voorwaardes, of sodanige stelsel of wysiging na die verskaffer terugverwys vir enige veranderings aan sodanige stelsel of wysiging of die verskaffer versoek om bykomende inligting te verskaf.”;

(c) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

“(3) Die aangestelde beampte moet enige gerekenariseerde optekenstelsel of enige wysiging van 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel na die **[Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde] Komitee** of na 'n ander persoon of liggaam, vir evaluering verwys, voordat hy of sy 'n finale besluit neem aangaande enige aansoek bedoel in subregulasie (2) [en enige koste wat met sodanige evaluering aangegaan word, word deur die verskaffer gedra].”;

(d) die vervanging van subregulasie (4) deur die volgende subregulasie:

“(4) **[Die voorlegging deur die verskaffer bedoel in subregulasie (2), moet vergesel gaan van 'n skriftelike beskrywing van die stelsel of wysiging en enige ander dokumentasie wat die aangestelde beampte verlang.]** Enige koste wat deur die verskaffer van 'n gerekenariseerde optekenstelsel aangegaan is om aansoek te doen vir goedkeuring van 'n gerekenariseerde optekenstelsel, of enige wysiging van 'n goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel, word deur die verskaffer gedra.”;

(e) die vervanging van subregulasie (6) deur die volgende subregulasie:

“(6) Geen beroepswedder word toegelaat om 'n gerekenariseerde optekenstelsel te gebruik tesame met die handoptekenstelsel bedoel by regulasies 28 en 28A nie, behalwe **[in die omstandighede vermeld in subregulasie (7) of waar daar 'n onklaarraking is van die beroepswedder se rekenaartoerusting as gevolg van 'n kragonderbreking of wanneer sy stelsel nie beskikbaar is nie as gevolg van 'n aftyd van die stelsel,]** in geval van die totale versuim van die goedgekeurde gerekenariseerde optekenstelsel om wedtransaksies korrek in te voer, in welke geval –

(a) hy of sy moet voldoen aan die bepalings van regulasies 28 en 28A vir sover dit van toepassing is op 'n handoptekenstelsel;



(b) hy of sy na die gerekenariseerde optekenstelsel terug moet keer onmiddellik nadat dit moontlik is om dit te doen; en

**[(c) hy of sy moet verseker dat volledige besonderhede van elke weddenskap wat volgens die handoptekenstelsel opgeteken is, in die rekenaarsstelsel ingevoer word voordat hy sy state vir die betrokke wedrenbyeenkoms, sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid finaliseer en voordat hy die data en state vir kopiëring opstel soos vereis by regulasie 28C(3); en]**

**[(d)] (c) die handstate behou moet word vir inspeksiedoeleindes.”;**

(f) die skraping van subregulasie (7);

(g) die vervanging van subregulasie (8) deur die volgende subregulasie:

“(7) Enige beroepswedder wat versuim om aan die bepalings van subregulasie[s] (6) **[en (7)]** te voldoen, word geag strydig op te tree met ‘n plig of verpligting wat die Ordonnansie hom oplê.”; en

(h) die vervanging van subregulasie (10) deur die volgende subregulasie:

“(9) Enige beroepswedder wat ‘n gerekenariseerde optekenstelsel **[of ‘n rekenaargesteunde optekenstelsel]** gebruik –

(a) tesame met ‘n gerekenariseerde optekenstelsel wat nie deur die aangestelde beampte ingevolge hierdie regulasie goedgekeur en geregistreer is nie;

(b) sonder ‘n kaartjiedrukker, **in die geval van ‘n gerekenariseerde optekenstelsel];** of

(c) wat met ‘n gerekenariseerde optekenstelsel gepeuter het of hom op enige wyse daarmee ingemeng het nadat dit ooreenkomstig hierdie regulasie goedgekeur en geregistreer was, **[en]** word geag strydig op te tree met ‘n plig of verpligting wat die Ordonnansie hom oplê.”.

### Wysiging van regulasie 28C

28. Regulasie 28C van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

“(1) Elke beroepswedder wat ‘n gerekenariseerde optekenstelsel gebruik moet die volgende state hou waarin ‘n volledige en akkurate verslag van sy wedtransaksies verskyn –

(a) ‘n deelnemerstaat vir elke perdewedren, sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid, ten opsigte waarvan die beroepswedder ‘n wedtransaksie aangegaan het;

**[(b) ‘n rekonsiliasie- of toonbankstaat;]**

**[(c)](b)** ‘n lys van elke kaartjie wat uitgereik of gekanselleer is;

**[(d)](c)** ‘n lys waarin besonderhede van elke weddenskap wat aangegaan is, aangetoon word;

**[(e)](d)** ‘n lys van elke dekkingsweddenskap wat aangegaan is; en

**[(f)](e)** ‘n lys van elke veelvoudige weddenskap wat alle weddenskappe aantoon op perde in wedrenne wat op verskillende wedrendae gehou staan te word en alle weddenskappe aantoon op sportgebeurtenisse of enige ander gebeurtenisse of gebeurlikhede of ‘n kombinasie van wedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede wat op verskillende dae gehou word.”;

(b) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

“(3) Alle data en die state bedoel in subregulasie (1) moet op ‘n **[mikrodisket of ‘n 1,44 megagreep rekenaardisket]** geskikte en draagbare elektroniese opnamemedium of -toestel gekopieer word en aan die einde van elke **[wedrenbyeenkoms, sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid op skoon papier gedruk word]** dag en elke sodanige **[disket en drukstuk]** elektroniese opnamemedium of -toestel en die data wat daarin op daarop

gestoor is moet veilig in chronologiese orde vir inspeksiedoeleindes op 'n ander perseel as die primêre wedkamerperseel behou word."; en

(c) die invoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (3):

"(4) Die Komitee moet bepaal of 'n draagbare elektroniese opnamemedium of -toestel soos bedoel in subregulasie (3) geskik is vir die doel bedoel in subregulasie (3) en moet verder die geskiktheid bepaal van die plek en die wyse waarop sodanige draagbare elektroniese opnamemedium of -toestel gehou word."

#### **Wysiging van regulasie 28D**

29. Regulasie 28D van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1)(c) deur die volgende subregulasie:

"(c) [sodanige weddenskap 'n dekkingsweddenskap is,] verseker dat indien sodanige weddenskap 'n dekkingsweddenskap is, volle besonderhede van sodanige weddenskap in die lys van dekkingsweddenskappe vermeld in regulasie 28C(1) aangeteken word;"; en

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) Elke beroepswedder wat 'n gerekenariseerde optekenstelsel gebruik en wat sake by 'n wedrenbyeenkoms of sportfees doen, moet onmiddellik op aanvraag aan die verteenwoordiger van die betrokke wedrenklub of sportfeesklub 'n gedrukte afskrif van die deelnemerstaat [soos wat aangevra word] lewer."

#### **Wysiging van regulasie 29**

30. Regulasie 29 van die regulasies word hiermee geskrap.

#### **Wysiging van regulasie 30**

31. Regulasie 30 van die regulasies word hiermee gewysig deur die skraping van subregulasie (1) en (2).

#### **Wysiging van regulasie 31**

32. Regulasie 31 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet [vergesel gaan van:] gedoen word deur 'n vorm te gebruik wat deur die Komitee vir daardie doel ontwerp is, welke vorm vereistes moet insluit vir dokumentasie en inligting wat deur die aansoeker verskaf moet word, met inbegrip van –

(a) die volle name en identiteitsnommer van die aansoeker;

(b) die aansoeker se woon- en posadres;

(c) 'n rekord van die aansoeker se kennis van beroepswedderspraktyk en -prosedure en kennis of ondervinding toepaslik vir indiensneming in die beroepsweddersbedryf, indien daar is;

**[(d) volle besonderhede van die aansoeker se finansiële posisie en finansiële rekord];**

(e) die aansoeker se skriftelike toestemming tot 'n ondersoek deur die Komitee, sy werknemer of agent, oor sy of haar [finansiële] persoonlike geskiedenis en agtergrond en enige ander aangeleenthede of inligting wat bekend gemaak word in die aansoekvorm, of in die beëdigde verklaring bedoel in paragraaf (f), of in enige verwante dokumentasie;

(f) 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker waarin vermeld word of hy of sy [—

(i) skuldig bevind is aan enige misdadig bedrog of diefstal betrokke was;

(ii) die vonnisskuldenaar is kragtens enige onafgehandelde siviele hofuitsprake;

(iii) 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;

(iv) as 'n wanbetaler deur die Jokkieklub van Suid-Afrika of die Komitee gelys is; en

(v) enige bepaling van die ordonnansie oortree het,

al dan nie en, indien wel, volledige besonderhede daarvan en 'n erkenning dat indien daar later gevind sou word dat hierdie verklaring nie korrek was nie of hy of sy daarna weens 'n misdryf skuldig bevind word waarby bedrog of diefstal betrokke was, enige bestuurdersregistrasiesertifikaat wat dan deur hom of haar gehou word, outomaties tydelik opgeskort sal word, hangende 'n besluit deur die Komitee, soos bedoel in regulasie 11(4)] onbevoeg is om geregistreer te word ingevolge hierdie regulasie, omrede van een of meer van die faktore wat hom of haar onbevoeg maak soos voorgeskryf in artikel 49 van die Nasionale Dobbeltwet, 2004; en

(g) die aansoekgeld voorgeskryf in die eerste bylae by die Ordonnansie, welke geld die Komitee toeval[.];

(h) 'n volledige stel van die aansoeker se vingerafdrukke, bekom van die Suid-Afrikaanse Polisie diens; en

(i) bewys van betaling aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens van die geld ten opsigte van 'n versoek om 'n sertifikaat wat die aansoeker se kriminele rekordstatus aandui.'

(b) die invoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (2):

"(2A) Die Komitee kan 'n aansoeker evalueer vir registrasie as 'n beroepswedder se bestuurder aangaande sy of haar kennis van die reg wat op beroepswedderij toepaslik is.";

(c) die vervanging van subregulasie (3) deur die volgende subregulasie:

"(3) Nadat die ondersoek bedoel in subregulasie (2)(e) voltooi is en verslag daarvoor aan die Komitee gedoen is en nadat die aansoek oorweeg is, kan die Komitee weier om die bestuurder te registreer of kan die bestuurder registreer, in welke geval die Komitee aan hom of haar, na ontvangs van die registrasiegeld voorgeskryf in die eerste bylae by die Ordonnansie, 'n registrasiesertifikaat kan uitreik, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) dat die registrasie op 31 Desember van elke jaar verval tensy dit hernu is op die wyse soos in subregulasie (6) bedoel;

(b) dat hy of sy slegs in die wedkamer van 'n gelisensieerde beroepswedder sake mag doen;

(c) dat hy of sy, voor diensaanvaarding, die Komitee skriftelik in kennis stel van die naam en fisiese adres van die beroepswedder in wie se diens hy of sy sal wees, en moet insgelyks die Komitee in kennis stel van enige voorgenome verandering van indienseeming, en die betrokke beroepswedder moet die indienseeming skriftelik bevestig en erken dat hy of sy aanspreeklik is vir al die handeling van die bestuurder; en

(d) enige verdere voorwaardes wat die Komitee na goeddunke besluit om op te lê.";

(d) die vervanging van subregulasie (7) deur die volgende subregulasie:

**"(7) [(a) 'n Beroepswedder wat nie sake in vennootskap met 'n ander beroepswedder doen nie, word toegelaat om een geregistreerde bestuurder in diens te neem ten opsigte van die beroepsweddersreg wat deur hom besit word.**

**Indien twee of meer beroepswedders sake in vennootskap doen, word sodanige vennootskap toegelaat om een geregistreerde bestuurder in diens te neem ten opsigte van die beroepsweddersreg wat deur die vennootskap besit word.] Desnieteenstaande die bepalings van subregulasie (3), kan die Komitee 'n tydelike registrasiesertifikaat aan 'n aansoeker uitreik vir registrasie as 'n bestuurder, voor die voltooiing van die ondersoek in**

subregulasie (2)(e) bedoel, met dien verstande dat die aansoekdokumentasie geen gronde openbaar waarop die aansoeker onbevoeg bevind mag word vir registrasie nie."; en

(e) die byvoeging van die volgende subregulasies na subregulasie (9):

"(10) 'n Beroepswedder mag geen persoon in die hoedanigheid van 'n klerk of van 'n bestuurder in sy of haar beroepsweddersbesigheid in diens neem of toelaat om in diens geneem te word nie, tensy daardie persoon na behore ingevolge hierdie regulasie as 'n klerk of as 'n bestuurder, na gelang van die geval, geregistreer is.

(11) Geen persoon moet in die hoedanigheid van 'n klerk of van 'n bestuurder diens aanvaar of saam met 'n beroepswedder werk nie, tensy daardie persoon na behore ingevolge hierdie regulasies geregistreer is.

(12) 'n Beroepswedderklerk is 'n klas werknemer van 'n beroepswedder, of van 'n vennootskap van beroepswedders, wat in diens geneem is in 'n hoedanigheid wat daardie werknemer toelaat of van hom of haar vereis om weddenskappe met die publiek, die totalisator, of met ander beroepswedders aan te gaan.

(13) 'n Bestuurder word in diens geneem om –

(a) gesaghebber oor alle geregistreerde klerke en ander werknemers van die beroepswedder, of vennootskap van beroepswedders te wees;

(b) weddenskappe met die publiek, die totalisator, of met ander beroepswedders aan te gaan; en

(c) behoudens die kriteria soos uiteengesit in die omskrywing van "bestuurder" in artikel 2 van die Ordonnansie, vir alle verpligtinge van die beroepswedder verantwoordelik te wees wanneer die beroepswedder nie beskikbaar is nie.

(14) Elke beroepswedder of vennootskap van beroepswedders moet ten minste een werknemer as 'n bestuurder registreer, ooreenkomstig hierdie regulasies."

### **Wysiging van regulasie 32**

33. Regulasie 32 van die regulasies word hiermee geskrap.

### **Wysiging van regulasie 33**

34. Regulasie 33 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"33.(1) Enige persoon wat 'n geldige eis teen 'n beroepswedder het ten opsigte van 'n wedsenskap wat sodanige beroepswedder versuim het om te betaal na 'n versoek om dit te doen, moet die omstandighede skriftelik aan die [Komitee] hoof- uitvoerende beampte rapporteer."; en

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) Die [Sekretaris] hoof- uitvoerende beampte moet, by ontvangs van sodanige kennisgewing, dit onverwyld in 'n register wat vir die doel bygehou word opteken, en moet dit onverwyld by die Komitee indien."

**Wysiging van regulasie 35**

35. Regulasie 35 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (a) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf:

"(a) Enige wedder wat deur die Komitee as 'n wanbetaler aangewys is, mag geen perseel wat ingevolge hierdie Ordonnansie as 'n renbaan gelisensieer is, geen perseel vermeld in artikel 28(2) of (3) van die Ordonnansie of enige perseel waarop 'n gelisensieerde beroepswedder sake doen, betree of daarop wees nie tot sodanige tyd wanneer al sy verpligtinge teenoor beroepswedders nagekom is en die Komitee tevrede is dat hy 'n geskikte en gepaste persoon is om weddery te hervat."

**Wysiging van regulasie 36**

36. Regulasie 36 van die regulasies word hiermee gewysig deur die invoeging van die volgende opskrif:

"Wanbetaler: Jokkieklub van Suid-Afrika".

**Skrapping van regulasie 37**

37. Regulasie 37 van die regulasies word hiermee geskrap.

**Wysiging van regulasie 38**

38. Regulasie 38 van die regulasies word hiermee gewysig deur die skraping van paragraaf (c) in subregulasie (1).

**Wysiging van regulasie 38A**

39. Regulasie 38A van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van al die woorde wat die tabel voorafgaan deur die volgende woorde:

"Die belasting wat afgetrek word van die bedrag wat iemand gewen het wat 'n wenweddenskap ten opsigte van 'n perdesies met 'n beroepswedder aangegaan het, is volgens die persentasies wat in die verdelingstabel hieronder weergegee word, welke belasting Belasting op die Toegevoegde Waarde uitsluit."

**Wysiging van regulasie 39**

40. Regulasie 39 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (8) deur die volgende subregulasie:

"(8) Elke gelisensieerde beroepswedder moet, binne vyftien dae na die laaste dag van elke maand, 'n **[gewaarmerkte] ware** afskrif van bylae 1 by die Komitee indien, soos by die aangewese beampte ingedien, en moet terselfdertyd die belasting soos voorgeskryf ingevolge regulasie 38A aan die Komitee betaal."

**Wysiging van regulasie 40**

41. Regulasie 40 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"(1) Tensy 'n beroepswedder die skriftelike magtiging van die **[Direkteur: Finansiële Administrasie]** Direkteur-generaal het wat hom magtig om sake te doen nadat hy versuim het om die opgawe bedoel in regulasie 39 in te

lewer en die belasting te betaal vermeld in artikel 30 van die Ordonnansie, word sy lisensie geag opgeskort te wees totdat en vir so lank as wat sy versuim voortduur om voormelde opgawe in te lewer en om die belasting en enige boetes wat ingevolge die Ordonnansie verskuldig is, te betaal.”.

#### Wysiging van regulasie 43

42. Regulasie 43 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 43 deur die volgende regulasie:

“**[Renbaanontwikkelingsfonds]** Goedkeuringsprosedure: Ander Geleenthede en Gebeurlikhede

**43.(1) [(a) Die Raad van Trustees beoog by artikel 41ter van die Ordonnansie bestaan uit —**

(i) die voorsitter van tyd tot tyd van die Plaaslike Uitvoerende Beampes beoog in klousule 24 van die grondwet van die Jokkieklub van Suid-Afrika, ten opsigte van die KwaZulu-Nataalse Wedrendistrik, wat die voorsitter van die Raad van Trustees is;

(ii) die ondervoorsitter van tyd tot tyd van die Plaaslike Uitvoerende Beampes beoog in klousule 24 van die grondwet van die Jokkieklub van Suid-Afrika, ten opsigte van die KwaZulu-Nataalse Wedrendistrik, wat die ondervoorsitter van die Raad van Trustees is;

(iii) die voorsitter van tyd tot tyd van —

(aa) die Clairwood-renklub;

(bb) die Durban-renklub;

(cc) die Pietermaritzburg-renklub;

(dd) die Komitee vir die beheer oor beroepswedders soos by artikel 21A van die Ordonnansie beoog, en

(ee) die KwaZulu-Nataalse Vereniging van Eienaars en Afrigters;

(iv) ‘n verteenwoordiger van die Minister soos van tyd tot tyd deur hom aangestel, en

(v) hoogstens twee persone deur die Minister aangestel, aanvanklik vir die tydperk 1 September 1987 tot 30 Junie 1989, en daarna vir ampstermyne van drie jaar op ‘n slag beginnende op 1 Julie 1989.

(b) Die voorsitter van die Plaaslike Uitvoerende Beampes beoog in klousule 24 van die grondwet van die Jokkieklub of Suid-Afrika, ten opsigte van die KwaZulu-Nataalse wedrendistrik benoem van tyd tot tyd een van genoemde Plaaslike Uitvoerende Beampes as ‘n plaasvervangende lid van die Raad van Trustees, wat sitting as sodanig in die afwesigheid van die ondervoorsitter neem of wanneer die ondervoorsitter as voorsitter van die Raad van Trustees optree.

(c) Die ondervoorsitters van tyd tot tyd van die liggame in paragraaf (a)(iii) vermeld, is plaasvervangende lede van die Raad van Trustees en tree aldus op in die afwesigheid van hul onderskeie voorsitters.

(d) Indien ‘n vakature ontstaan in die lidmaatskap in paragraaf (a)(v) beoog, behalwe ten gevolge van die verstryking van ‘n lid se ampstermyne, kan die Minister ‘n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke deel van die ampstermyne van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel word.

(e) Die persone in paragraaf (a)(v) beoog, kom by verstryking van hul ampstermyne in

aanmerking vir heraanstelling as lede van die Raad van Trustees.

(2) Vir die doel om sy funksies te verrig en pligte uit te voer en sy bevoegdhede uit te oefen ingevolge die Ordonnansie ten opsigte van die Renbaanontwikkelingsfonds wat deur die vermeldde artikel 41ter ingestel is, hierna na verwys as die Fonds, moet die vermeldde Raad —

(a) ‘n regs persoon wees;

(b) bekend staan as die Raad van Trustees van die Renbaanontwikkelingsfonds, hierna na verwys as die Trustees;

- (c) optree as Trustees vir en namens die Fonds behoudens die Minister se instruksies; en
- (d) as Trustees beskik oor die bates en laste (indien enige) van die Fonds.
- (3) Elke wedrenklub of sportfeesklub wat 'n totalisator by enige wedrenbyeenkoms of sportfees bedryf, moet, binne sewe dae na sodanige wedrenbyeenkoms of sportfees, aan die Trustees die bedrag betaal wat afgetrek is van die "boerpot"- en "plekakkumulator"-potgeld ingevolge artikel 41ter (2) van die Ordonnansie, en moet terselfdertyd 'n opgawe by die Trustees indien wat toon hoe sodanige bedrag bereken is. 'n Afskrif van sodanige opgawe moet aan die Direkteur: Finansiële Bestuur gestuur word.
- (4) Alle gelde of ander inkomste wat die Fonds uit enige bron toeval moet in 'n bankrekening of bankrekeninge gedeponeer word soos deur die Minister goedgekeur en oopgemaak in die naam van die Trustees.
- (5) Enige geld tot die Fonds se krediet en beskikbaar vir belegging moet belê word vir, namens en ten gunste van die Fonds in die naam van die Trustees, in sodanige regerings- of ander sekuriteite soos deur die Minister goedgekeur.
- (6) (a) Wanneer vaste eiendom namens die Fonds aangekoop word, kan die Minister sodanige voorwaardes oplê as wat hy nodig ag, met inbegrip van beperkende titelvoorwaardes, en versoek dat sodanige voorwaardes teen die transportakte van die eiendom geregistreer word.
- (b) Die bepaling van paragraaf (a) is mutatis mutandis van toepassing op enige vaste eiendom wat deur enige maatskappy waarin die Fonds enige direkte of indirekte beherende belang hou, besit of verkry word.
- (7) Enige vaste eiendom wat deur die Fonds aangekoop word, moet in die naam van die Trustees van die Renbaanontwikkelingsfonds geregistreer word.
- (8) Die Trustees moet, binne sewe dae na die einde van elke kalendermaand, 'n opgawe aan die Direkteur: Finansiële Bestuur voorlê wat die transaksies ten opsigte van die Fonds gedurende die voorafgaande maand en die totale bates van die Fonds soos op die laaste dag van sodanige maand aantoon.
- (9) (a) Die rekeningboeke van die Fonds is aan jaarlikse oudit onderworpe teen die koste van die Fonds deur ouditeurs wat deur die Trustees aangestel is met vooraf goedkeuring van die Minister.
- (b) 'n geouditeerde staat van die Fonds moet jaarliks aan die Direkteur-generaal voorgelê word, nie later nie as negentig dae na die einde van die Fonds se finansiële jaar soos van tyd tot tyd deur die Trustees bepaal.]

Enige persoon wat verlang dat die Minister 'n beslissing maak soos bedoel in die omskrywing van "ander gebeurtenis of gebeurlikheid" in die Ordonnansie, moet skriftelik aansoek by die Minister doen.

(2) 'n Skriftelike aansoek bedoel in subregulasie (1) moet ten minste die volgende inligting en motivering bevat –

- (a) die profesie, naam, posadres en ander kontakbesonderhede van die aansoeker;
- (b) 'n duidelike, voltooid en beknopte beskrywing van die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek word;
- (c) inligting aangaande 'n organisasie wat op enige wyse die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek is, beheer;
- (d) motivering wat die standpunt steun dat die handeling van weddery aangaande die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek is, nie aanstoot sal gee vir openbare moreel nie; en
- (e) motivering wat die standpunt steun dat die handeling van weddery aangaande die gebeurtenis of gebeurlikheid waarvoor die beslissing versoek is, nie die gebeurtenis of gebeurlikheid vatbaar maak vir dade van korrupsie of manipulasie van resultate nie.

(3) Enige beslissing wat deur die Minister geneem is, word by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.

(4) Die inwerkingtreedingsdatum van 'n beslissing deur die Minister soos bedoel in hierdie regulasie is die datum van publikasie van die *Provinsiale Koerant* waarin die betrokke kennisgewing gepubliseer word.

#### **Wysiging van regulasie 44**

43. Regulasie 44 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

"(1) Die register in artikel 38(~~3~~2) van die Ordonnansie bedoel, moet die datum, naam van die renperd, diagnose van die siekte, die geneesmiddel, verdowingsmiddel of apparaat wat gebruik is in die behandeling, hetsy die geneesmiddel of verdowingsmiddel mondeling, deur middel van 'n inspuiting of infusie, of deur eksterne aanwending toegedien is, die naam van die persoon wat die perd behandel het, die naam van die veearts wat die geneesmiddel of verdowingsmiddel voorgeskryf het en besonderhede van wie die geneesmiddel of verdowingsmiddel gelewer het en die hoeveelheid geneesmiddels of verdowingsmiddels wat gelewer is, bevat."; en

(b) die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) Vir die doeleindes van subparagraaf (ii) van artikel 38(2)(b) van die Ordonnansie, mag geen oorblyfsel van enige stof, chemikalie of verdowingsmiddel in artikel 38(1)(a) van die Ordonnansie bedoel in 'n renperd teenwoordig wees gedurende die tydperk agt-en-veertig uur voor en vier-en-twintig uur na 'n wedren waaraan sodanige perd gaan deelneem of deelgeneem het nie; met dien verstande dat indien 'n geregistreerde veearts sertifiseer dat sodanige stof, chemikalie of verdowingsmiddel –

(a) nie voor die voltooiing van die mees onlangse wedren waaraan die perd deelgeneem het, toegedien is nie; en

(b) nodig is vir die welstand van die betrokke perd,

die verbod ten opsigte van voormelde tydperk van 24 uur na 'n wedren nie van toepassing is nie."

#### **Wysiging van regulasie 47**

44. Regulasie 47 van die regulasies word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van subparagrafe (a), (b) en (c) van paragraaf (c) van subregulasie (3) deur die volgende subparagrafe:

"~~[(a)](aa)~~ sportgebeurtenisse;

~~[(b)](bb)~~ ander geleenthede of gebeurlikhede; of

~~[(c)](cc)~~ enige kombinasie daarvan,"; en

(b) die invoeging van subregulasies (10) en (11) na subregulasie (9):

"(10) Indien, in enige kalendermaand van die jaar, die bedrag van bruto winste op wedtransaksies op –

(a) sportgebeurtenisse; of

(b) ander geleenthede of gebeurlikhede,

minder as nul is, kan die verlies ten volle vergoed word teen bruto winste in opeenvolgende belastingtydperke.

(11) Vir die doeleindes van subregulasie (10) beteken "belastingtydperk" een kalendermaand."



**Wysiging van regulasie 49**

45. Regulasie 49 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

- “(2) Elke beroepswedder moet binne sewe dae na die laaste dag van elke maand, ‘n **[gewaarmerkte] ware** afskrif van bylae 10 indien by –
- (a) die Komitee tesame met die belasting wat ingevolge hierdie hoofstuk deur hom aan die Komitee betaalbaar is; en
  - (b) die aangewese verteenwoordiger van die renklubs, tesame met die belasting wat ingevolge hierdie hoofstuk aan die renklubs betaalbaar is.”.

**Wysiging van regulasie 50**

46. Regulasie 50 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (1) deur die volgende subregulasie:

- “(1) Die Totalisatoragentskapsraad (Natal) of die betrokke renklub moet binne sewe dae na die laaste dag van elke maand –
- (a) ‘n opgawe by die aangestelde beampte indien in die vorm van bylaes 10 en 11 wat die totale bedrag wat aan die totalisator inbetaal is, aantoon ten opsigte van enige sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid wat deur voornoemde bylaes gedek word;
  - (b) die belasting wat ingevolge hierdie hoofstuk betaalbaar is, aan die aangestelde beampte betaal; en
  - (c) ‘n **[gewaarmerkte] ware** afskrif van bylae 10 by die Komitee indien tesame met die belasting wat ingevolge hierdie hoofstuk aan die Komitee betaalbaar is.”.

**Skrapping van regulasie 52**

47. Regulasie 52 van die regulasies word hiermee geskrap.

**Skrapping van regulasie 53**

48. Regulasie 53 van die regulasies word hiermee geskrap.

**Wysiging van bylae 1 van die regulasies**

49. Bylae 1 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van die eerste deel van die getekende verklaring deur die volgende:

“BYLAE 1

PROVINSIE KWAZULU-NATAL

ORDONNANSIE OP DIE REGULERING VAN WEDRENNE EN WEDDERY, 1957

(ORDONNANSIE NO. 28 VAN 1957)

**[BEËDIGDE]** VERKLARING EN OPGAWES DEUR ‘N BEROEPSWEDDER OF DIE TOTALISATORAGENTSKAPSRAAD (KWAZULU-NATAL) WAT WEDDENSAPPE MET VASTE WEDPRYSE AANBIED TEN OPSIGTE VAN DIE BELASTING WAT OORBETAAL MOET WORD OP WEDDENSAPPE OP PERDEWEDRENNE EN ENIGE DEKKINGSWEDDENSAPPE TEN OPSIGTE WAARVAN ‘N AFTREKING GEËIS WORD

[Moet in blokletters ingevul en in tweevoud ingedien word ingevolge artikel 30 van die Ordonnansie saamgelees met regulasie 39]

Volle name van beroepswedder \_\_\_\_\_

(In die geval van 'n vennootskap, verstrek volle name van alle vennote)

Naam waaronder die besigheid bedryf word \_\_\_\_\_

Fisiese adres van wedkamer \_\_\_\_\_

Posadres \_\_\_\_\_

Maand en jaar ten opsigte waarvan opgawe ingedien is (ten opsigte van 'n opgawe van weddenskappe wat in 'n wedkamer aangegaan is)

Naam van renklub/sportfeesklub (ten opsigte van 'n opgawe van weddenskappe wat op 'n renbaan/sportfeesbaan aangegaan is)

Datum van wedrenbyeenkoms/sportfees (ten opsigte van 'n opgawe van weddenskappe wat op 'n renbaan/sportfeesbaan aangegaan is)

#### VERKLARING

Ek, die bogenoemde en die ondergetekende beroepswedder/vennoot in bovermelde vennootskap\*, verklaar hiermee plegtig dat

- 
- (i) die bruto bedrag van enige gelde, sekuriteit of waardevolle ding wat aan my betaal of gegee is of deur my betaal of gegee moet word ter vereffening van alle weddenskappe wat op bovermelde wedrenbyeenkoms of sportfees aangegaan is, volledig en juis in opgawe A hierby opgegee is; en
  - (ii) die besonderhede van die dekkingsweddenskappe wat deur my aangegaan is ter dekking van my aanspreeklikhede ten opsigte van weddenskappe wat by bovermelde wedrenbyeenkoms of sportfees aangegaan is, volledig en juis in opgawe B hierby en in die aangehegte bylae 2 opgegee is.

HANDTEKENING VAN BEROEPSWEDDER (Skryf asb. ook die naam in drukskrif indien 'n vennoot namens 'n vennootskap teken.)

[Die verklaarder het erken dat hy met die inhoud van hierdie verklaring vertrou is en dit begryp. Hierdie verklaring is deur die verklaarder voor my beëdig/bevestig te ..... op hede die ..... dag van ..... 19.....

**Vrederegter/Kommissaris van Ede\*]** As getuie:

Volle name

**[Besigheids]** Woonadres

**[Gebied waarvoor aangestel]** Posadres

[Vermeld amp indien ampsbehalwe aangestel] Telefoonkontakbesonderhede:

Suid-Afrikaanse Identiteitsnommer:

**[\* Skrap woorde wat nie van toepassing is nie]"**

**Skraping van bylae 6**

50. Bylae 6 van die regulasies word hiermee geskrap.

**Wysiging van bylae 7**

51. Die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van bylae 7 deur die volgende bylae:

"BYLAE 7  
 PROVINSIE KWAZULU-NATAL  
 KONSOLIDERINGSORDONNANSIE OP PERDEWEDRENNE EN WEDDENSKAPSBEHEER, 1957 (ORDONNANSIE NO. 28  
 VAN 1957  
 (Artikel 22)  
 BEROEPSWEDDERSLIENSIE

Volle naam van beroepswedder   
Paspoort no. of Suid-Afrikaanse Identiteitsno.

Trek 'n x in die toepaslike blokkie\* en voltooi die toepaslike getinte ruimtes

Hierdie lisensie is geldig \* vir die jaar eindigende 31 Desember

Hierdie lisensie is geldig \* vir die tydperk  tot

Hierdie lisensie is geldig \* op die volgende dae

Hierdie lisensie magtig die  
houer daarvan om op te tree in

\* die primêre  
wedkamerperseel op


Hierdie lisensie magtig die  
houer daarvan om op te tree in

\* die sekondêre  
wedkamerperseel op


Hierdie lisensie magtig die  
houer daarvan om op te tree in

\* die gelisensieerde renbaan  
op


Bedrag betaal, ontvangs waarvan hierby erken word:

R														
---	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Kwitansieno.

Verwysingsno.


Behoudens die bepalinge van die Konsolideringsordonnansie op Perdewedrenne en Weddenskapsbeheer, 1957 en enige geldige voorwaardes verbonde aan hierdie lisensie deur middel van aanhangsel of endossement, mag die in hierdie lisensie vermelde persoon die beroep van beroepswedder uitoefen op die plek(Ke) waar hierdie lisensie hom dit toelaat tot die vervaldatum(s) wat in hierdie lisensie vermeld word.


**DIREKTEUR-GENERAAL**


**DATUMSTEMPEL**

#### **Wysiging van bylae 10**

52. Bylae 10 van die regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van die eerste deel van die getekende verklaring deur die volgende:

"BYLAE 10

PROVINSIE KWAZULU-NATAL  
ORDONNANSIE OP DIE REGULERING VAN WEDRENNE EN WEDDERY, 1957  
(ORDONNANSIE NO. 28 VAN 1957)

**[BEËDIGDE]** VERKLARING EN OPGAWES DEUR 'N BEROEPSWEDDER OF 'N TOTALISATOR WAT WEDDENSAPPE MET VASTE WEDPRYSE AANBIED TEN OPSIGTE VAN DIE BELASTING WAT OORBETAAL MOET WORD OP SPORTWEDDENSAPPE OF WEDDENSAPPE OP ENIGE ANDER GEBEURTENIS OF GEBEURLIKHEID EN ENIGE DEKKINGSWEDDENSAPPE TEN OPSIGTE WAARVAN 'N AFTREKKING GEËIS WORD

Moet in BLOKLETTERS ingevul en in TWEEVOUD ingedien word ingevolge regulasies 49 en 50 wat kragtens die Ordonnansie uitgevaardig is.

Volle naam van beroepswedder/Totalisatoragentskapsraad (Natal):

(in die geval van 'n vennootskap, verstrek volle name van alle vennote)

Naam waaronder besigheid bedryf word:

Fisiese adres van wedkamer/totalisator:

Posadres:

Maand en jaar ten opsigte waarvan opgawe ingedien word:

(ten opsigte van 'n opgawe van weddensappe wat in 'n wedkamer aangegaan is)

VERKLARING

Ek, die bogenoemde en die ondergetekende beroepswedder/vennoot in bovermelde vennootskap; of

Ek, die ondergetekende vir die Totalisatoragentskapsraad (Natal)\*, verklaar hiermee plegtig dat —

- (i) die bruto bedrag van enige geld, sekuriteit of waardevolle ding wat aan my betaal of gegee is of deur my betaal of gegee moet word ter vereffening van alle sportweddensappe wat op bovermelde gebeurtenis aangegaan is, volledig en juis in opgawe A hierby opgegee is; en
- (ii) die besonderhede van die dekkingsweddensappe wat deur my aangegaan is ter dekking van my aanspreeklikhede ten opsigte van weddensappe wat by bovermelde gebeurtenis aangegaan is, volledig en juis in opgawe B hierby en in die aangehegte bylae 11 opgegee is.

.....  
Hantekening van beroepswedder/ ondertekenaar van die Totalisatoragentskapsraad (Natal) \*

[ Die verklaarder het erken dat hy met die inhoud van hierdie verklaring vertrou is en dit begryp.  
 Hierdie verklaring is deur die verklaarder voor my beëdig/bevestig te ..... op hede die  
 ..... dag van ..... [19] 20.....

Vrederegter/Kommissaris van Ede\*] As getuie (volle name):

[Besigheids] Woonadres:

.....  
 .....

[Gebied waarvoor aangestel] Posadres: .....

.....  
 .....

Telefoonkontakbesonderhede: .....

Suid-Afrikaanse Identiteitsnommer: .....

[Vermeld amp indien ampsbehalwe aangestel:.....]

(skryf asb. ook naam in drukskrif).....

[\* Skrap woorde wat nie van toepassing is nie].

#### Kort titel

53. Hierdie regulasies word die Wysigingsregulasies Betreffende Perdewedrenne en Weddenskapsbeheer, 2009 genoem.

**No. 1****1 kuMasingana 2010****IHHOVISI LIKANDUNANKULU****UKUCHITSHIYELWA KWEMITHETHONQUBO EYAKHIWE NGOKWESIGABA 42 SE-ODINENSI YOKULAWULWA KWEMIJAHO NOKUBHEJA, 1957 (I-ODINENSI NO. 28 1957)**

Ngalokhu ngichibiyela iMithethonqubo eyakhiwe ngokwesigaba 42 se-Odinensi yokuLawulwa kwemiJaho nokuBheja, 1957, (i-Odinensi No. 28 ka 1957), njengoba kubekwe oHlelweni olungezansi.

Sikhishwe ngaphansi kwesandla sami eMgungundlovu, ngalolu suku lwama Ziyisihlanu luka KuLwazi oNyakeni weziNkulungwane eziMbili nesiShiyagalolunye.

**ZL MKHIZE**

iLungu loMkhandlu oPhethe esiFundazweni saKwaZulu-Natali elibhekele imidlalo yemali nokubheja

**Ukuchitshiyelwa koMthethonqubo 1**

2. UMthethonqubo 1 weMithethonqubo ngalokhu uyachitshiyelwa ngokuthi –

- (a) kususwe incazelo **“yohlelo lokugcinwa kwamarekhodi lwamakhompyutha”**;
- (b) kususwe incazelo **“yesitebela”**;
- (c) kususwe incazelo **“yoMqondisi”**;
- (d) kususwe incazelo **“yokuBheja okungejwayelekile”**;
- (e) kususwe incazelo **“kaNobhala”**;
- (f) kususwe incazelo **“yohlelo lokugcinwa kwamarekhodi lwamakhompyutha”** ngokuthi kufakwe le ncazelo elandelayo: **“yohlelo lokugcinwa kwamarekhodi lwamakhompyutha”** kusho uhlelo lokugcinwa kwamarekhodi olubandakanya ukusetshenziswa kwemishini yamakhompyutha nezinhlelo zamakhompyutha futhi olusetshenziswa obhuki ngenhloso yokuqopha imininingwane yakho konke ukubheja okwenziwe kubo kanye nemininingwane yokubheja okuhoxisiwe eyenziwe yibo okuyikhona okukhiqiza la marekhodi ashiwoyo”;
- (g) kufakwe emva kwencazelo **“uhlelo lokubheja lwemishini”** le ncazelo elandelayo: **“isikhulu sezepolitiki”** kusho –
- (a) iLungu lePhalamende, loMkhandlu kaZwelonke wezifundazwe noma leKhabhinethi;
- (b) ilungu lesiShayamthetho sesifundazwe noma lomkhandlu ophethe esifundazweni;
- (c) ikhansela likamasipala;
- (d) izithunywa esimele iSizwe kodwa esingelona ilungu labasebenzi bakahulumeni;
- (e) ilungu lendlu yabaHoli bendabuko; noma
- (f) isikhulu sikazwelonke noma sesifundazwe seqembu lezepolitiki, senhlangano, somgwamanda, somfelandawonye noma seQembu elibhaliswe ngokwesigaba 15 noma 15A soMthetho weKhomishana yoKhetho, 1996 (uMthetho No. 51 ka 1996).”;
- (h) kufakwe ngemva kwencazelo **“isikhulu sezepolitiki”** le ncazelo elandelayo: **“isakhiwo esiyigumbi esakhelwe ukubhejela”** kusho isakhiwo lapho ibhizinisi lobhuki lighutshelwa khona ngokwejwayelekile, njengoba kuchazwe lwilayisensi yobhuki futhi esivulelekile emphakathini ngamahora ejwayelekile okusebenza”;
- (i) kufakwe ngemva kwencazelo **“isakhiwo esiyigumbi esakhelwe ukubhejela”** le ncazelo elandelayo: **“isihlobo”** kusho lokhu okulandelayo, njengoba kungaba njalo –
- (a) umyeni noma unkosikazi, noma ubani ohlanganiswe naye yifindo lomshado noma ngabe liboshwe ngaphansi kwaliphi isiko nanoma ngaphansi kwaluphi uhlobo lwenkolo, nanoma yibaphi omasihlalisane abahlala ndawonye sabantu abashadile, umshado ohlanganiswe ngaphansi kwanoma yiluphi uhlobo lwesiko noma lwenkolo;
